# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D 09:00**

## God se roepende genade aan sy kinders!

**Skriflesing:**
Jer 1:1-19

**Teksvers**:
Jer 1:4,5,10,19

**Sing**:
Ps 149-1:1,2
Sb 12-3:1,2
Ps 25-1:5
Ps 134-1:3,4
Lied 190:1-3
Sb 13-2

**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

Ons voel almal soms onseker oor die lewe. Daar is soveel besluite wat ons moet neem, soveel keuses wat ons moet maak. Dan wonder ons of dit die regte besluite is. So is die belangrikste keuse, 'n gehoorsaamheidskeuse. As God my roep, wat antwoord ek? Jeremia is geroep deur God en hy het met groot worsteling en swaarkry hierdie roeping opgevolg en die keuse uitgeleef.

Ons gaan na drie sake kyk:

- God roep ons.
- God rus ons toe.
- God stel ons aan.

**S O N D A G A A N D 18:00**

## Die rol van die Wet in die vrug van die Gees

**Skriflesing:**
Galasiërs 3:21-4:7 en 5:6

**Teksvers:**
Galasiërs 3:24-26

**HK** Sondag 2

**Sing**:
Ps 138:1,2
Ps 43:3,4
Ps 119:39
Sb 14-1:2,3
Sb 13-2

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Daar is verskeie vertalings vir die woord wat hier in die Grieks gebruik word as Paulus die wet beskryf as ons '*oppasser of tugmeester*'. Sommige vertaal dit selfs met 'skoolmeester', en dan verstaan hulle 'n kwaai skoolmeester met 'n lat in die hand! Die Griekse woord hier gebruik is "paidagogos" en herinner aan ons woord '*pedagoog*' wat opvoeder beteken. 'n Skoolmeester is immers 'n pedagoog en daarom is een van die vakke op onderwyskollege juis pedagogiek of opvoedkunde!

Gevolglik is die wet van die Here vir baie mense hier 'n swaard wat heeldag oor jou kop hang. Pasop dat jy nie skeeftrap nie!

Is dit werklik wat Paulus bedoel? Moet mense wat deur die Gees lewe en vrugdra die heeldag in vrees lewe?



# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**
**Jaargang 47 Nr 04 6 Februarie 2022**
Webblad: http://www.gkcenturion.co.za

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

## Die belangrikste keuse in jou lewe

Die lewe bestaan uit baie keuses. Van kleins af moet jy keuses maak. As jy baie klein is, maak jou ouers vir jou die keuses. Hulle besluit wat jy moet aantrek, eet, met wie kan jy speel. Hulle leer jou van die Here en lees vir jou Bybel en neem jou kerk toe en katkisasie toe. Namate jy groter word, moet jyself al meer en meer keuses maak. Jy begin self besluit wat jy wil aantrek, wat jy van hou, wat jy wil doen. Soms word daar vir ons keuses gemaak deur die gesagsdraers twv goeie orde in die gesin, skool by die werk en in die land.

Daar is egter een keuse wat jy self moet maak en dit gaan nie net oor die nou en hier nie, maar in besonder oor die ewige lewe. Antwoord jy op die roepstem van God. God se genade dat Hy sy kinders uitgekies het en liefhet omdat dit in Sy almag so bepaal is. God roep ons om Hom te volg. Geen mens kan God se roeping werklik weerstaan, as jy 'n kind van God is nie. Paulus het die roeping weerstaan tot die tyd wat hy op die pad na Damaskus was. Daar het God hom kragdadig geroep. Jona het God se roeping weerstaan, maar God het hom deur 'n vis wat hom ingesluk en uitgespoeg het op die plek waar hy moes gaan werk, gedring en gedwing om die roeping op te volg. Daar is sommige wat die roeping versaak, dink maar aan Demas, Judas Iskariot.

Maar die dag wat jy belydenis van jou geloof gaan doen, is die belangrikste dag van jou lewe. Dan staan jy alleen, met jou eie besluit voor God om te belowe dat jy Sy kind is en dat jy Hom wil dien. Daarom is belydenis van geloofsaflegging nie net nog 'n mylpaal in jou lewe nie, maar dit is **dié** belangrikste besluit en dag in jou hele lewe. Hierdie belofte wat jy maak, kan jy nie terugtrek nie. Dit is geldend vir ewig. Maar hierdie keuse vra ook van jou gehoorsaamheid en toegewydheid. Dit is nie om sommer net 'n keuse te maak wat jy weer kan verander nie. Dit is nie om maar net van sportklub of van jou huwelik of wat ookal te verander nie, dit het **EWIGHEIDSWAARDE** Hierdie besluit bepaal die res van jou lewe en jou ewigheid.

Is jy gehoorsaam aan God? Antwoord jy op sy roepstem? Ons dank die Here vir hierdie tien jongmense wat vanmôre openbare belydenis van hulle geloof doen. Ons bid vir hulle en dra hulle in ons gebede en liefde.

Ds. Gerrit

## ALGEMENE INLIGTING

Vrug van die Gees!

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 2, Ps 46:1 Volgende week: Les 3, Ps 48:1

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Biblos

Skep-Hoop-Fonds

**Volgende week:** Barmhartigheid

By die deure: Dankbaarheidsfonds

***Maandelikse bydraes dmv EFT***

***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*

| **Kerk se bankbesonderhede:** | **Inbetalings vir die Diakonie:** | **Inbetalings vir die Susters:** |
|---|---|---|
| Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters |
| Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton |
| Takkode: 632005 | Takkode: 632005 | Takkode: 632005 |
| Rek no: 600 340 409 | Rek no: 600 280 589 | Rek no: 600 340 417 |






### Sustersaamstrek 2022

# Indien jy 'n suster se kaartjie wil borg om die saamtrek by te woon kontak asb vir Esme Groenewald, kruger.esme@gmail.com/082 872 4878.

# Indien jy graag wil bywoon maar kan nie 'n kaartjie bekostig nie kontak asb vir Esme Groenewald, kruger.esme@gmail.com/082 872 4878.

### Eljada Huis

**Volledige behoeftelys:** Is op die kennisgewing-bord geplaas

**Deurlopende behoeftes:** Margarien, konfyt, grondboontjiebotter, suiker, koffie, tee, hawer-mout, macaroni, rys, koekmeel, kookolie, gebak-te bone, soja, vis in tamatiesous, bruinlensies, droë ertjies, soppoeier, waspoeier, toiletpapier, tandepasta, badseep, skeermesse, sjampoe, sanitêre doekies.

Plaas die goedere in die waentjie onder die boom. Baie dankie.

Hennie vd Vyver 078 442 40421

### TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**6 Februarie 2022**
C03 Simoné Jv Rensburg
B07 Liesje Kuperus
A02 Esther Hoffman

**13 Februarie 2022**
C02 Lene vd Walt
B06 Hannelie Grobler
A01 Elize vd Berg



**Van der Walt huisonderhoud—**Vir enige herstel-, verf-; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; dakwaterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/ hj2vdwalt@gmail.com.

Solly Muhlarhi (Diaken van Engelse Diens) soek **tuinwerk en verblyf** nader aan kerk. Skakel hom by 079 356 9591/Hennie vd Walt 0829274326.

**Jennipher soek huishulpwerk** en indien moontlik verblyf. (Kook, koekbak, versorging van siek en bejaarde mense) Werk al 20jr by my Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Ek verkoop verskillende tipe braaihout**, volledige advertensie met pryse is op kennisgewingbord. Hennie vd Walt 0829274326.



**Besorg asb die blompot terug indien u Sondag die ruiker ontvang het. Dankie.**

## Baie dankie Jan die Koperkan



Voor by die hoofingang van die kerk staan 'n koperkan. Kom skenk gerus al u kopergeld wat rondlê.

Alle gelde wat daarin gegooi word, word geskenk vir ons teologiese studente.

Baie dankie vir almal wat hierdie projek van ons so mildelik ondersteun.

## MONUMENTSIGAFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!

Die Oord behoort aan die Gereformeerde Kerk Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerkgebou. U koop okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings.

Daar is geen versorgings fasiliteite nie—Bepalings geld op persone ouer as 80 jaar.

Die eenheid wat beskikbaar is, bestaan uit :

1 slaapkamer, 1 badkamer, kombuis en sitkamer, aangrensend toesluit motorhuis met privaat binnehof. Beskikbaar vir okkupasie vanaf ongeveer 1 Maart 2022. Die rigprys is R625 000. Die eenheid se grootte is 92 vkm en die maandelikse heffing beloop R1 210. U kan egter 'n aanbod van u keuse maak, waarna die bestuur die verskillende aansoeke sal oorweeg.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Navrae: Rina Venter (op terrein) 0714034143 of Gerrit Beumer 082 572 5235

**Aansoeke sluit 7 Februarie 2022**

Die Here het
my ontwerp
my geskep
my geseën
my geheel
my verdedig
my vergewe
my lief!



# Verjaarsdae

***Belydende lidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 06-Feb | Gert | de Beer | C07 | 27832527755 |
| | Jaco | vd Bergh | A11 | 27842084413 |
| | Lourens | Venter | A04 | 27825292330 |
| 07-Feb | Laetitia | Cassidy | B13 | 27825728887 |
| 08-Feb | Dorothy | Kruger | B12 | 27766093297 |
| 09-Feb | Anton | Lubbe | A09 | 27716852610 |
| | Louise | Roets | C11 | 27833805383 |
| | Louise | v Rensburg | C08 | 27729737238 |
| 10-Feb | Mercia | Coelho | A04 | 27823247907 |
| | Elize | Impey | B18 | 27764493444 |
| | Annetta | Lombard | A14 | 27826217373 |
| | Ben | Steyn | B08 | 27834484128 |
| | Drikus | vd Walt | C02 | 27605692608 |
| 12-Feb | Marius | de Beer | B03 | 27845479575 |
| | Dries | Louw | A10 | 27818527531 |
| | Camelius | vd Riet | C15 | 27836428887 |

Die volgende lidmate wat verjaar het, was nie geplaas in verlede week se Nuusbrief:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 30-Jan | Willie | Jordaan | C09 | 27726355172 |
| | Christiaan | Nijeboer | A09 | 27718788888 |
| | Driekus | Pieters | C07 | 27828798423 |
| | Dries | Roos | B09 | 27825721492 |

***Dooplidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 06-Feb | Bernhard | de Beer | B03 | 27845479575 |
| | Sofie | vd Berg | A05 | 27826402571 |
| 08-Feb | Cara | Erasmus | B09 | 27833566579 |
| | Martin | van Rooyen | C15 | 27825763536 |
| 09-Feb | Zane | Cloete | A08 | 27825625296 |
| | Jaco | Van Dyk | C06 | 27845497999 |
| 11-Feb | Wian | Olivier | C11 | 27823322118 |
| 12-Feb | Aron | Wentzel | C15 | 27662951772 |

## *Alethea Outreach*
## *11:00*

Worship Service

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

# Ons gee om vir Mekaar

"Kom na My toe,..." Matt 11:28

- **Kosie Venter** gaan komende week 'n operasie ondergaan (A2—0825712108).
- **Callie Smit** het geval en 'n rugoperasie ondergaan, sy vrou Cathy, het 'n delikate oogoperasie ondergaan (C15—942 1144).
- **Bets Fourie** het behandeling ontvang. (E1—654 6582.
- **Elize Stavast** sterk aan na 'n val (B16—082 922 0122).
- **Cecile Booyse** sterk tuis aan na 'n operasie (E1—073 297 2017).
- **Antoinette Jansen van Vuuren** sterk aan in Kloof Hospitaal na 'n operasie (B4—082 569 1882).
- **Emmie vd Zee** sterk aan in Unitas Hospitaal (B7—072 593 4316).

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

# Geluk

Met die ***Aflegging van Belydenis van Geloof*** vanoggend: Charne Nel; Carla Hugo; Sonnika van der Dussen; Wian Olivier; David Loock; Carlo Coelho; Herman Reinecke; Bennie Viljoen; Janika Wait; Louisa van Zyl.



Hennie en Annelise Jooste met die geboorte van Klara.

# Beroep ontvang

Ds JD Potgieter (Dreyer) van GK Meyerspark na die Presbiteriaanse Kerk McIlwain in Pensacola, Florida, Amerika.



## GKA Tentjie-aand

**Vrydag, 18 Feb om 17:00**

Kom slaap oor by die kerk!

Bring jou hele gesin saam en geniet 'n prettige aand by ons kerk.

Kontak Santie Coetzer 072 589 9448

## Koningskinders-kamp

**18—20 Maart**

Indien u belang stel om saam te gaan kamp, skakel asb vir ds Lourens.

Ons benodig: groepleiers, 'n kosspan en adminbeamptes.

Ds Lourens 082 529 2330

## GTA



SAAL-SOKKER

Sondagaand na kerk.



## Vra jou peuter / kleuter / kinders vrae soos?

Waar kom God vandaan?
Hoe kan God in jou hart wees, maar Hy is groot?
Hoe kon Jesus sy ma Maria gemaak het?
Waarom het die Here die see so groot gemaak?
Moet ons bly wees dat oupa nou by die Here is?
Is daar iets wat God nie kan doen nie?
Hoe kan God ons gemaak het as ons uit ons ma se maag uit kom
As God alles goed gemaak het, waarom is daar siekte?

Stuur asseblief die vrae aan my – en sommer ook selfoonopnames van vrae en gesprekke as julle kan. Ek het die insette van kinders en ouers nodig om my PhD-studies meer gerig te maak in diens van die kerk. Alles sal anoniem gehou word. Maar ek sal ook bly wees as ek in die voorwoord met 'n dankie van die name (en nie die vanne nie) van die kinders wie se vrae en opmerking ek gekry het kan noem.

Whatsapp sommer na: 082 566 3216/venterjonker@gmail.com
Jonker Venter (VDM) - GK Totiusdal



## Volwasse Toerusting vir nuwe lidmate

Enige persoon wat by die gemeente wil aansluit en of lidmate wat belangstel vir 'n bietjie opfrissing van jou kennis, kan die toerusting bywoon.

Die volwasse toerusting begin **8 Feb om 18:00** in die konsistorie

Bevestig asb met ds Gerrit 082 964 5595/

Kerkkantoor 012 664 2614



## *Nuwe Intrekkers*

Daar word Woensdagaand,

**9 Feb** om **19:00**

'n verwelkomingsfunksie gehou vir alle nuwe intrekkers in die gemeente.

Alle nuwe lidmate van die afgelope **drie maande** is welkom om die funksie by te woon.

**Stephanie van Jaarsveld 084 603 6773**

## *Bybelstudie*

**Woensdae**

06:00 Saal olv ds Maarten } Tessalonisense
09:00 Saal olv ds Maarten } Tessalonisense

Kerk olv ds Gerrit—Jeremia

Konsistorie olv ds Lourens—Genesis

**Maandae** 14:30 Protea Aftree-oord olv ds Gerrit—Openbaring

## Senior Aksie

Die Senior Aksie kom DV weer op

Maandag, **7 Februarie 2022**

om **10:00**

in die **kerksaal** bymekaar

Trudie Steyn gaan aan die begin van 'n nuwe jaar ons gedagtes rig op ons Lewenswedloop.

Hoe hanteer ons die Lewenswedloop: kansel-leer jy, kampeer jy of klim jy?

Klink dit vir jou ietwat vreemd?

Kom luister gerus hoe om die Lewenswedloop in 2022 aan te pak!

Nadat ons gedagtes verryk is, gaan ons lekker saamkuier met iets te ete en te drinke.



## Bybelskool van Centurion 2022

bied aan

## Die Sending van Jesus

Ons kyk na video's van Ray Vander Laan

**Plek**: GK Centurion
Basdenlaan 226, Lyttelton
**Tyd**: Elke Dinsdagaand om 19:00
**Koste**: Gratis
**Aanbieder**: Ds Maarten van Helden
**Navrae:** Hein Kaiser 082 772 7718/
Kerkkantoor 664 2614

***Almal welkom***